

# AUGUSTUSMAAND IS D-DAG VIR BOERGROND

*Nasionale Vergadering aanvaar 'n mosie om die bal aan die rol te sit om voorsiening te maak vir die onteining van daar-die 'gesteelde' grond.*

**SIENER EN DIE DERDE WÊRELDOORLOG**

**DIE GESKIEDENIS WORD HERHAAL...**

**ISRAELIETE IN SUID-AFRIKA**

**EN MEER...**

# DIE VAANDELDRAER





## INDEX

---

AUGUSTUSMAAND IS D-DAG VIR BOERGROND	5
SIENER EN DIE DERDE WÊRELDOORLOG	7
DIE GESKIEDENIS WORD HERHAAL...	8
ISRAELIETE IN SUID-AFRIKA	9
DIE AFRIKANERS	9
KREMLIN WAARSKU ENGELAND	12
SIENER: ENGELAND VREES 'N ATOOM-AANVAL	13
NGK DRAAI RUG FINAAL OP GOD	14
SA SKULDLAS 'N NADERENDE TITANIC	15
WAAR IS DIE VREDE? ONS HET DAN VERGEWE!	16
KATIE HOPKINS EN CASTER SEMANYA SE HORMONE	17

---

Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: [verkope@vaandel.co.za](mailto:verkope@vaandel.co.za)

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)



## VAN DIE REDAKTEUR

---

Winnie Madikizela-Mandela het oor die afgelope Paasnaweek op 2 April in die Netcare Milpark-hospitaal gesterf.

Interessant genoeg was sy die derde hooggeplaatste persoon in Suid-Afrika wat oor die laaste jare tydens die Paastyd gesterf het. Die eerste was Chris Hani wat op 10 April 1993 in die oprit na sy huis in Boksburg deur 'n Poolse immigrant, Janusz Waluś, doodgeskiet is; na hom is Eugene Terre'Blanche op 3 April 2010 wreed op sy plaas buite Ventersdorp vermoor; en hierdie Paasnaweek was dit die 'moeder van die volk' se beurt.

Die heel belangrikste persoon wat natuurlik oor hierdie tyd gesterf het, was die Messias. 'n Gebeurtenis wat ook beslag gegee het aan die Christelike geloof se Paasfees wat al 2 000 jaar gevier word.

Dis opvallend dat al vier hierdie persone betrokke was by 'n 'stryd' om hul onderskeie volke te 'bevry/verlos'.

Aan die regse, wyse kant het die Messias sy verlore volk besoek om vir hulle verlossing teweeg te bring (Luk. 1:68).

Ook aan dieselfde behoudende kant en uit die lydingjare van die Boervolk, het Eugene Terre'Blanche opgestaan om weer sy verloorde volk na 'n eie Boerevolkstaat te lei.

Hierteenoor was Chris Hani en Winnie Mandela aan die anderkant van die spektrum weer meedoënlose opponente en in direkte stryd met die Messias en Eugene Terre'Blanche se hoogste strewe vir hulle volk.

Maar oor die uitslag van hierdie stryd, hoef daar geen twyfel te wees nie. Dit staan reeds vir ons Opgeteken.

Die reuse-impak wat sy op Suid-Afrika se apartheidsera gehad het, was inderdaad veel groter as dié van haar gewese man wat allerweë deur die media as 'die grootste politikus ooit' voorgehou is.

Maar ná sy in hegtenisname, Rivonia-verhoor en vonnis in 1962, was Winnie die een wat tot en met haar dood aan die voorpunt van die bedrydingstryd gestaan het. Volgens haar was die skade van die witman se apartheid só geweldig groot dat die uitdrukking 'misdad teen die mensdom' dit nie behoorlik kon saamvat nie.

Sy het nooit haar verwoede stryd teen apartheid verslap nie en in die begin jare saam met Abertina Thetiwa Sisulu talle vryheidsmarse gereël.

Dus, terwyl Nelson Mandela en sy kaders hul dae in die tronk verslyt het, was sy die voorbok wat die trop moes lei. Die plan waarmee Mandela in die sestigerjare die blankes in Suid-Afrika wou uitwis om beheer van die land oor te neem, het sy met mag en mening voortgesit. Sy was feitlik agter elke massa aksie, verzet, opstand, opstokery en staking gedurende daardie onstuimige jare.

Sy het vir niks en niemand gestuit nie. Selfs haar eie mense moes dit dikwels ontgeld.

Nadat Nelson Mandela vroeg in 1985 tot die beseft gekom het die blankes kan nie op die slagveld oorwin word nie, het hy opdrag gegee dat die 'oorlog' na die strate in ons dorpe en stede gebring word.

Dit het sy vrou se wraakgierigheid uitstekend gepas. En tot en met April 1994 het geweldsvlakke in SA tot die hoogste in ons geskiedenis gestyg.

Winnie het nie net die blankes in haar visier gehad nie, maar mettertyd ook gewelddadig teen haar eie mense opgetree deur te begin om vermeende 'polisie-informante' met die halssnoermetode uit te skakel. As selfaangestelde regter het sy die doo-vonnis oor hulle in die openbaar só uitgespreek: "Met ons boksies vuurhoutjies en ons halssnoere (motorbuitebande) sal ons die land bevry."

Maar dit was eers op 23 Maart 1985 dat sy en 'n medebelhamel, Solly Shoke, 'n skare ondersteuners aangehits het om die eerste swart 'verraaier', Benjamin Kinikini van Uitenhage (wat glo met die blanke polisie saamgewerk het), met hierdie metode lewendig te verkool.

Sy en Shoke het gedurende die tagtigs altesaam sowat 400 'ontroue' ANC-lede op dié wyse koelbloedig laat vermoor.



Verkool met Winnie se halssnoermetode

Hierdie weersinswekkende metode was haar eie uitvinding, maar sy kon dit eers toepas nadat die witman buitebande uitgevind het.

As beloning vir sy getroue samewerking met Winnie, is die gewese ANC terroris-spesialis, Solly Shoke, op 1 Junie 2011 deur Zuma as Verdedigingshoof aangestel.

Haar openlike teenstand teen PW Botha-regering het aan haar die titel 'moeder van die nasie' besorg,

en tot en met haar dood, was sy ongetwyfeld die gewildste swart vrou in Suid-Afrika.

Selfs toe Nelson Mandela van haar geskei is, het dit geen inbreuk op haar gewildheid gemaak nie. Die gepeupel het haar nog steeds aanbid.

Haar optrede het haar egter dikwels met die reg laat bots en in 1969 was sy 491 dae in eensame opsluiting in die Sentrale Gevangenis in Pretoria. Maar dit het haar haat en woede teen die witman net verder aangeblaas en sy het net al hoe meer roekeloos geraak. Sy het die gesagstrukture op elke moontlik manier ondermyn. So is sy bv. skuldig bevind aan diefstal, korrupsie, marteling en selfs moord; en tog het sy elke keer feitlik skotvry daarvan afgekóm.

Oor haar het Julius Malema in sy huldeblyk gesê: “Winnie Mandela was ’n hoeksteen wat deur die bouer verwerp is. Winnie Mandela, die president wat ons nie gehad het nie, wat die kans ontsê is om president te wees omdat sy ’n swart vrou was. Hulle was bang vir haar.”

Hy het met die media gepraat buite Madikizela-Mandela se huis in Orlando-Wes, Soweto en haar kritici gelooi. “Selfs in haar dood vrees hulle haar steeds. Dit is hoekom hulle aanhou om haar te beledig en haar uit te beeld op ’n manier waarop ons haar nie ken nie. Maar die massas ken die waarheid.

“Ons is trots om hier te wees, want ons het haar nooit verwerp nie. Ons het haar as ons moeder en leier beskou. Ons is hier om aan die mense van Suid-Afrika te sê ’n spies het geval en ons is hier om daardie spies op te tel en die stryd voort te sit.”

## AUGUSTUSMAAND IS D-DAG VIR BOERGROND

Daar word dikwels deur swart leiers en liberaliste verwys na die Naturellen Grond Wet (Wet Nr. 27 van 1913; Engels Natives Land Act) as boos en onmenslik. Dit het destyds al die Suid-Afrikaanse landskap – letterlik en figuurlik – onherroeplik verander, en word allerwee ook beskou as die hoeksteen van aparte landelike gebiede vir swart mense in die Unie van Suid-Afrika. Die hoof oogmerk van die wet was om naturelle te verhoed om grond wat aan ander rasse behoort, te koop en insgelyks ander rasse te verhoed om grond wat aan naturelle behoort, te koop.

Oor die jare heen het die ANC voortdurend op hierdie wet gehamer en dit veroordeel as ’n wet wat die blanke vrypas gegee het om grond van die swartes te steel. Later is ook die Bantoe-Trust en -Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936) bygesleep om hulle saak te versterk.

Hierdie wet is op 31 Augustus 1936 ingestel en kan dus gesien word as net ’n bekragtiging van die Naturellen Grond Wet van 1913. (Die Britte het ’n sterk hand hierin gehad).

Die wet het ook die oor en weer huur van grond verbied. Dit was veral gemik op deelsaaiery, die huur van grond teen ’orbetaling’ van ’n deel van die oes of aanwas van vee. Reeds voor 1936 het kritici van die wet woorde gebruik soos: afgryslik, genadeloos, wreedaardig, verderflik, hardvogtig, berug, venynig, giftig en bytend om die wet te beskryf.

Op grond van die 1936 wetgewing is ongeveer 87% van die landoppervlakte vir die blankes en 13% vir die swartes afgesonder.



Die saak van 'n gesegregeerde land is ook in 1936 in praktyk gebring met die Naturelle Trust — 'n Landswet waardeur 7.5 miljoen morg grond as Naturalle gebied bewillig is. In die Senaat het dr Verwoerd in 'n toespraak op 7 Junie 1954 na hierdie wet verwys as “Toe in 1936 'n wetlike grondslag vir die segregasiebeleid geskep is....”

Behalwe vir die NG Kerk wat hard gewerk het om apartheid te vestig, was daar ook drie prominente akademici wat lidmate was van die NG Kerk, nl. dr NJ Diedericks, dr PD Meyer en prof. Geoff Cronjé wat hulle volle gewig ingewerp het om dié beleid te laat ingang vind.

Dr NJ Diedericks het aan verskeie Europese universiteite gestudeer en later 'n leerstoel in politieke filosofie aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat beklee. In 'n geskrif in 1936 met die titel Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot Internasionalisme verklaar hy dat die individu op sigself niks is nie en slegs homself word in die volk as die hoogste mensegemeenskap. Egte nasionalisme pas hom nie by die individu aan nie, maar lei en beheer die individu as 'n dwingende en vormgewende krag.

Net soos by dr. Diedericks het die begrip 'volk' ook in die gedagtes van dr. PJ Meyer 'n sterk rol gespeel. In die jare veertig was by 'n besonder gewilde spreker en het oral sy siening van die Afrikaner as “'n geroepe volk' verkondig. Die ordinansies van God en die boodskap van die evangelie is nie alleen op individue gerig nie, maar op God se hele volk. Die individuele taak van die Afrikaner is opgeneem in 'n wyer organiese verband nl. die volk. Die boodskap van Meyer het direk tot die Afrikanervolk gespreek.

Die derde akademiese grondlegger van apartheid, prof. Geoff Cronje, het in 1945 die boek *Tuiste vir die Nageslag* die lig laat sien. Die subtitel was beskrywend vir wat die boek wou wees nl. Die blywende oplossing van die Suid-Afrikaanse rassevraagstukke. Die werk is onder andere opgedra 'aan alle

volksmoeders omdat hulle die beskermers van die bloedsuiwerheid van die Boerenasie is'. Die skrywer vra: “Sal ons bloedvermenging kan uitkakel solank daardie tallose aanrakingspunte tussen die verskillende rasse bly bestaan?”

Die antwoord is negatief want “daar is gesaghebend en oortuigend bewys dat bloedvermenging tussen die wit en die swart rasse in Suid-Afrika in biologiese sin nadelig is en mense materiaal oplewer wat liggaamlik en geestelik minderwaardig is vergeleke met die gehalte van die Europese ras”.

Dus om bloedvermenging te voorkom, is wetgewing nodig wat enersyds gemengde huwelike verbied en andersyds geslagsomgang tussen wit en swart strafbaar maak. Maar dit is slegs oppervlakkige oplossings. Daar moet dieper ingegryp word. Daar moet radikale segregasie toegepas word — “... hoe radikaler die segregasie deurgevoer word, des te beter sal dit wees; en hoe konsekwenter die apartheidsbepaalde segregasie toegepas kan word, des te doeltreffender sal ons bloedsuiwerheid en ons onvervalste Europese rassevoortbestaan verseker word”.

Aan die begin van die negentiende eeu het blankes en swartes se regsbeginne van grondbesit hemelsbreed verskil. Honderd jaar later het eersgenoemdes se stelsel van privaateiendom van grond en die registrasie daarvan geseëvier, hoewel daar steeds gebiede was waar swartes grond kommunaal besit het. Maar die voormalige kolonies het verskillende stelsels gehad ingevolge waarvan swartes grond kon bekom. In die Oranje-Vrystaat is dit hoegenaamd nie toegelaat nie. In Natal en die Kaap is dit wel toegelaat. In Transvaal kon swartes grond koop, op voorwaarde dat dit dan op naam van 'n staatsamptenaar geregistreer word en hy dit dan in trust hou vir die koper.

En nou, na 105 jaar, het die Nasionale Vergadering (NV) 'n mosie aanvaar om die bal aan die rol te a sit om die eiendomsklousule in die Grondwet — art. 25

— te wysig om voorsiening te maak vir die onteiening van daardie ‘gesteelde’ grond.

Ramaphosa het dan ook die parlementêre grondwetlike hersieningskomitee opdrag gegee om die saak dringend te ondersoek en teen einde Augustus aan die parlement daarvoor verslag te doen.

Maar sy aankondiging was nog nie koud nie of grondbesettters het opgeruk om erwe naby Blue Hills in Olievenhoutsbosch uit te meet. Hulle het dadelik ook begin om die grond in die gebied in erwe te verdeel, al is dit private eiendom.



Ramaphosa het beslis nie om dowe neutse besluit dat hy die komitee se verslag op hierdie datum wil hê nie; want presies 82 jaar gelede (1936) is die Bantoe-trust en -grond Wet (Wet 18 van 1936) op 31 Augustus ingestel.

Swartes wat grond in die wit areas besit of bewoon het, was onteien en geskuif. Swartes kon net op plase woon, maar dit nie besit nie en was net tydelike inwoners van Suid Afrika. Dit het ‘n swart uittog van landelike gebiede na industriële areas veroorsaak waar hulle as hande-arbeiders moes werk. Die wet was wel in 1991 deur FW de Klerk herroep maar hulle soek wraak en gaan dit nou omkeer en dieselfde aan die blankes doen.

## SIENER EN DIE DERDE WÊRELDOORLOG

Siener: “Daar kom ‘n tyd dat ek weer baie in die nuus sal wees. In daardie tyd sien ek baklei ons nog onder mekaar, toe is als meteens verby, en sit ons met ‘n swart regering. Dan eers begin die Afrikaner se laaste, maar ook sy felste stryd ... Ek sien daar kom ‘n tyd dat die hele wêreld omgeploeg is (dis die uitbreek van die Derde Wêreldoorlog, en dinge is baie deurmekaar)”.

Hy sê die begin van ons Donker Tyd sal ook die begin van die Derde Wêreldoorlog inlui. Wat hy presies met hierdie ‘Donker Tyd’ bedoel het, is nie duidelik nie. Vir baie van ons volksgenote het dit reeds begin; met ander gaan dit nog baie goed. Maar die skroef word nou aangedraai en dinge kan skielik verander.

Die traktate sal met die uitbreek van die Derde Wêreldoorlog verwesenlik word.

Vir Suid-Afrika gaan daar ‘n nuwe dag aanbreek; maar dit sal wees in die tyd van die Derde Wêreldoorlog wat voorafgegaan sal word deur ‘n groot droogte. (Is dit dalk die huidige droogte in die wes-Kaap. En hoekom word juis die Wes-Kaap getref? Hoekom kry Natal, Transvaal en die Vrystaat oorfloedige reëns? Het dit dalk iets te doen met die 3 Boererepublieke, waarvan die Wes-Kaap niks wou weet nie?)



Siener: “Ek het ’n slaaplose nag gehad en toe die klok drie uur slaan, toe kom daar ’n gesig voor my van ’n groot dorp en ek sien toe dat daar mense met VAAL jaste in die dorp loop ... Dit was toe donker daar (Rusland deur Turkye aan die begin van die Derde Wêreldoorlog. Mense met vaal jasse, dui aan dat dit winter sal wees. Ons winter is nou op hande). (Die winter sal in Europa wees, want die mense wat jasse dra is in Europa).

Die aanstaande oorlog (Derde Wêreldoorlog) gaan wees tussen die VSA en Rusland. Die oorlog breek uit in Europa net as die ys daar begin smelt. (Die ys begin nou daar smelt omdat dit somer word).

Hy sien die begin van die 3de Wêreldoorlog só: “... Dan slaan die aarde brand en sien ek ’n gesig van ’n aaklige oorlog; van perde met bloed wat van die perde se stange sal afloop...”

## DIE GESKIEDENIS WORD HERHAAL...

Dit was opvallend dat die voormalige Amerikaanse minister van buitelandse sake, Rex Tillerson, onlangs vyf strategiese Afrikastate vir die VSA besoek het, maar dat Suid-Afrika met sy strategiese ligging aan die suidpunt van die vasteland nie daarby ingesluit was nie.

Kan dit wees omdat die Trump-administrasie blykbaar reeds besluit het om die ANC en die EFF op hul lys van terroristiese organisasies te plaas nadat Ramaphosa aangekondig het hy wit boere se grond sonder vergoeding gaan konfiskeer? Die VSA oorweeg dit nou om beperkte boikotmaatreëls teen Suid-Afrika in te stel.

Die ANC regime bevind hulle skielik in dieselfde posisie as die NP van destyds toe hy weens sy apartheidbeleid feitlik deur die ganse wêreld veroordeel is en verskeie lande Suid-Afrika op ekonomiese- en sportgebied geboikot het.

Australië het pas ook sy stem dik gemaak oor Ramaphosa se beplande en blatante grondroof.

Peter Dutton, die Australiese minister van binnelandse sake, het volgens *The Sydney Morning News Corp* gesê hy glo dat wit Suid-Afrikaanse boere ‘spesiale aandag’ en hulp van ‘n ‘beskaafde land’ soos Australië verdien.

“As jy kyk na die beeldmateriaal en die berigte lees, kry jy hulle weergawe van die gruwelike omstandighede waaronder hulle gebuk gaan,” het Dutton gesê.

“Ons het die vermoë om sommige van dié mense te help.” Dutton het sy departement opdrag gegee om die moontlikheid te ondersoek hoe Suid-Afrikaanse boere met spesiale visums in Australië ‘toegelaat’ kan word. Dit sluit onder meer visums vir vlugtelingen in. “Met die inligting tot my beskikking,” sê Dutton, “is daar mense wat hulp nodig het, en hulle het dit nodig van ‘n beskaafde land soos ons s’n.”

Waarskynlik was dit die woorde ‘beskaafde land’ wat Lindiwe Sisulu, Suid-Afrika se minister van internasionale betrekkinge en samewerking, met skuim om die mond daarop laat aandring het dat Australië die uitlatings deur Peter Dutton summier moet terugtrek.

“Die hoë kommissaris is ingelig dat die Suid-Afrikaanse regering aanstoot neem oor Dutton se uitlatings en ’n volle terugtrekking word verwag,” het Sisulu geëis. Maar ’n Aussie laat hom egter nie so maklik afdreig deur ’n dief nie, en tot dusver swyg hulle in al elf tale van Reënboogland!



Ook Paul Murray, 'n, aanbieder van Sky News Australia, het Dutton heelhartig gesteun en gevra dat Suid-Afrikaanse sport gestraf moet word weens die regering se hantering van grondhervorming en aanvalle op wit boere. Hy het later ook weer op Sky News daarop aangedring dat die Aussie regering sanksies moet instel teen Suid-Afrika, en enigeen wat van hom veskil noem hy n rassis.

In 'n opvolgberig op Sky News vertel 'n Australiese joernalis wat Suid-Afrika pas besoek het, dat die organisasie Black Land First boere wat hul plase wil verkoop, daarvan sal aankla dat hulle 'gesteelde goedere' verkoop!

Maar hier ter plaatse moet ons op RSG se Sondag-aand-kommentaar van 18 Maart by Kopdoek Croukramp hoor Peter Dutton se uitsprake gee hom 'n kramp, en hy eis nou dat ons blanke boere om 'n tafel met die ANC-rowers gaan sit, erken dat die boere hulle grond gesteel het en 70% daarvan verniet aan sy boeties moet teruggee!

Dis natuurlik die einste alwyse Kopdoek-dwaas wat ook gesê het "God en Jesus is breindood!" Maar in sy gebruiklike, sotlike voortvarendheid, het hy hom net weerspreek. Hy wou eintlik gesê het "Ek wat Piet Croukramp is, is breindood!"

Ps. 14:1 "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade."

## ISRAELIETE IN SUID-AFRIKA

(Onderstaande is 'n vertaling van 'n artikel deur Mikkel Stjernholm Kragh van Denemarke wat deur die Ensign Trust in Londen gepubliseer is. Die volksmoord van Suid-Afrika se blankes het die skrywer hiertoe geïnspireer)

Klein groepies Europeërs het gedurende die vyftiende eeu vanaf 1652 na Suid-Afrika getrek en Afrikaners geword, soos Skandinawiërs, Skotte, Ierse, Grieke, Portugees, Spanjaarde en Italianers. Die meeste van die ongeveer 150 000 blankes in Namibië praat ook Afrikaans.

Hierdie trekkers is nakomelinge van verskillende stamme van Israel: Sebulon met Issaskar, Juda, Levi, Ruben en Efraim.

Verstommende eindtydse profesieë in die Bybel vertel ons dat 'n Godvresende oorblyfsel van Israeliete hulle nog eendag in Suider-Afrika sou vestig.

Daar is twee hoofgroepe blankes in Suider-Afrika: ongeveer 3.5 miljoen blankes praat Afrikaans en ongeveer 2 miljoen is Engelssprekende blankes.

## DIE AFRIKANERS

Die eerste Hollanders het hulle op 6 April 1652 in die Kaapkolonie onder leiding van Jan van Riebeeck daar gevestig. Van Riebeeck kan as die vader van die Afrikaners beskou word. Vandag is daar sowat 3,500,000 Afrikaners. "Afrikaner" en "Boer" word vandag gebruik om alle wit Afrikanersprekende mense van Kaap-Hollandse oorsprong en Boereherkoms te beskryf. Die Afrikaners is hoofsaaklik afkomstig van Nederlandse Calviniste, en tweedens, van die Friese, Duitsers en Franse Hugenote. Kleiner groepe ander Europeërs het ook na Suid-Afrika migreer en Afrikaners geword, soos Skandinawiërs, Skotte, Iere, Grieke, Portugese, Spanjaarde en Italianers. Die meeste van die ongeveer 150 000 blankes in Namibië praat ook Afrikaans.

Die Hollanders is hoofsaaklik van die stam van Zebulon. Aangesien die Afrikaners hoofsaaklik afkomstig

is van die Hollanders, sou ons van hulle verwag om eienskappe van die stam van Sebulun te hê.

Baie Afrikaners is ook afkomstig van die Friese. Sommige mense wat die stamme van Israel bestudeer, glo dat die Friese van Issaskar se stam is, wat nou verbonde aan Sebulun was, omdat Issaskar en Sébulon Lea se twee laaste gebore seuns was.

Moses het Sébulon en Issaskar só geseën:

“En van Sébulon het hy gesê: Verheug jou, Sébulon, oor jou togte, en Issaskar, oor jou tente. Hulle sal volke na die berg roep; daar sal hulle offers van geregtigheid offer; want hulle sal die oorvloed van die see insuig en die verborgenste skatte van die sand.” (Deuteronomium 33: 18-19)

Dit kan Suid-Afrika wees omdat Suid-Afrika een van die wêreld se grootste mynboubedrywe het. Suid-Afrika is een van die lande wat die meeste diamante produseer. Suid-Afrika het ook die tweede grootste goudproduksie ter wêreld, of 15% van die wêreld se produksie. In 1993 (vóór die ANC oornam) was dit 30%! Suid-Afrika is die grootste produsent in die wêreld van chroom, mangaan, platinum, vanadium en sernikuliet. Suid-Afrika het ook die tweede grootste produksie van ilmeniet, alladium, rutiel en sirkonium.

Die Suid-Afrikaanse mynbedryf is gestig nadat die Hollanders en Friese Nederland per skip verlaat het:

“Verbly jou, Sebulon, in jou uittogte (reise)”.

En hierdie profesie word bevestig in die feit dat die meeste van die Suid-Afrikaanse mynbedryf in die binneland van Suid-Afrika, ver van die see, aange-tref word:

“want hulle sal die oorvloed van die see insuig en die verborgenste skatte van die sand.”

Jakob het Sébulon so geseën:

“Sébulon sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van die skepe wees, met die sykant na Sidon toe. (Genesis 49:13)”

Hierdie profesie is vir die Afrikaners se deel vervul in die feit dat die Afrikaner-mense begin het met die stigting van die Kaapkolonie, wat oorspronklik as ‘n



Bo: Die Wapen en die ou SA vlag, die Vierkleur, van die Suid-Afrikaanse Republiek, ‘n Boere-nasionale staat wat die latere Transvaalse provinsie bedek en onafhanklik was 1856-1877 en 1881-1902. Die verskillende Wapens vertoon simbole van die vier Israelse laers: Die Man (Reuben, Genesis 49: 3), die Leeu (Juda, Genesis 49: 9), die Bulle (Efraim, Deuteronomium 33:17) en die arend (Dan, Openbaring 4: 7).

Baie Duitsers het ‘n deel geword van die Boervolk, wat oor die algemeen ‘n pro-Duitse volk is.

Duitsland bestaan uit verskeie Israeliese stamme, waaronder Reuben (Frankryk), Simeon en Levi (Beiers, Alemanniërs en Swabiane), Juda (Sakse) en Gad (Oos-Duitsland). Die Duitse elemente in Suid-Afrika moet egter hoofsaaklik van Juda en Levi wees, omdat Suid-Afrika profesieë oor die koninkryk van Juda vervul, wat in 587 vC geëindig het toe die Babiloniërs baie Judeërs, Benjaminiete en Leviëte na Babilonië gedeporteer het.



Omdat die Israeliete voortdurend gesondig en die wet van Moses verbreek het, het God hulle uiteindelik 2520 jaar ("sewe keer" of 7 x 360 jaar) gestraf; en eers dan sou God se tyd van straf opgehef word. Die Koninkryk van Juda het in 587 vC sy 2520 jaar van straf begin en in 1934 geëindig.

Nie lank hierna nie, op 26 Mei 1948, het die Afrikaner-gedomineerde Nasionale Party die verkiesing gewen en sy Apartheidstelsel ingestel. Dr.D.F. Malan, wat in 1948 Eerste Minister geword het, het basies die Afrikaners se onafhanklikheid van die Britte verklaar toe hy die volgende oor sy volk gesê het:

"Suid-Afrika behoort vandag nog weereens aan ons. Suid-Afrika is ons eie vir die eerste keer sedert Uniewording, en mag God gee dat dit altyd ons eie sal bly." Maar self toe het dit nog nie aan ons behoort nie, en wel aan die geldmag.

Toe Malan gesê het dat Suid-Afrika aan die Afrikaners behoort het, het hy nie die Wit-Swart-stryd in gedagte gehad nie, maar die wedywering tussen die Afrikaanssprekende en die Engelsman.

In 1961 het die Unie van Suid-Afrika die Britse Statebond verlaat en die Republiek van Suid-Afrika geword.

Fransse Afrikaners van Reuben:

Baie Fransse Hugenote het ook na Suid-Afrika geïmmigreer en het deel geword van die Suid-Afrikaanse volk. Baie van die mees algemene Afrikaanse vanne is dus Hugenote, soos Cronjé, Joubert, De Klerk, Malan, Nel, Du Plessis, Terreblanche, Theron, Du Toit, Viljoen, ens. Die Fransse is van die stam Reuben. Die Afrikaner-Fransse Hugenote-elemente is dus van Reuben.

Die Engelstalige blanke Suid-Afrikaners van Efraim:

Die Britte is hoofsaaklik van die stam van Efraim. Die ongeveer 2 miljoen Engelssprekende witmense van Suider-Afrika van Britse afkoms, of Anglo-Afrikaners, is dus hoofsaaklik van die stam Efraim.

'n Gedeelte van Jakob se seën aan Josef, Efraim se vader, was:

"Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur." (Genesis 49:22)

Hierdie belofte word vervul deurdat die Britte oor die hele wêreld, Suider-Afrika, Noord-Amerika, Australië, Nieu-Seeland en elders versprei het, soos 'n vrugbare tak waarvan die takke oor die muur kruip.

Die land 'oorkant die riviere van Kus':

Die Bybel praat profeties oor Israeliete in 'n land 'oorkant die riviere Kus' (sien Sefanja 3 en Jesaja 18). Die oorspronklike woord wat in die Hebreeuse teks gebruik word, is Kus/Cush, maar in sommige Bybels word dit met Ethiopië en Nubië vertaal.

Sefanja wie se naam beteken "Verborgte deur God", skryf:

"Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring. Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dade waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie. En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die HERE skuiling soek." (Sefanja 3: 10-12)

Die Koninkryk van Kus was 'n antieke koninkryk suid van Egipte, geleë op die samevloeiing van die Blou Nyl, die Wit Nyl en die Atbara-rivier. Die Koninkryk van Kus is gestig in 1070 vC en afgeskaf in 300 nC.



Sefanja en Jesaja het uit die koninkryk van Juda geprofeteer. Toe hulle in die koninkryk van Juda gestaan het en in die rigting van die 'Kusriviere' gekyk het, was die Kongo en Suider-Afrika anderkant die riviere van Kus, waaronder Zimbabwe en Suid-Afrika vandag is. Die mense wat oorkant die riviere van Kus sal wees en in die naam van die Almagtige glo en vertrou, is dus deel van die blanke mense van Suider-Afrika.

Sefanja se profesie pas ook by die huidige situasie in Suid-Afrika, wat sedert 1994 baie sleg vir blankes geword het. Die misdaadsyfers per inwoner vir geweldsmisdade soos moord en verkragting in Suid-Afrika is van die hoogste in die wêreld. Meer as 3 600 blanke boere en hul familieëde is sedert 1987 in plaasaanvalle vermoor. Die ANC-regime het rasse-indiensnemingswette, Swart Ekonomiese Bemagtiging, ingestel wat blankes van groot dele van die arbeidsmark ontnem het. Baie wit Afrikaanssprekendes het so verarm dat in 2017 reeds meer as 1 000 000 van hulle in plakkerskampe 'n tuiste moet vind. Sowat een miljoen wit Suid-Afrikaners het ook sedert 1994 geëmigreer. Baie vrees dat Suid-Afrika Zimbabwe se voorbeeld sal volg en die blankes heeltemal sal uitdryf. Baie noem dit selfs 'n volksmoord.

Maar ten spyte van die ernstige situasie waarin die blankes van Suider-Afrika hulle bevind, is dit geprofeteer dat God 'n oorblyfsel sal beskerm wat hul vroue in Hom stel!

## KREMLIN WAARSKU ENGELAND

Sergei Skripal, is 'n voormalige Russiese militêre intelligensiebeampte wat in die 1990's en vroeë 2000's as 'n dubbele agent vir die Verenigde Koninkryk se intelligensiedienste opgetree het. In Desember 2004 is hy in hegtenis geneem deur Rusland se Federale

Veiligheidsdienste (FSB). In 2006 verhoor, skuldig bevind aan hoogverraad, en tot 13 jaar tronkstraf gevonniss.

Ná net vier jaar agter tralies is hy egter as deel van 'n groter uitruilooreenkoms van spioene aan Brittanje uitgelewer, waar hy sedertdien saam met sy dogter, Joelia, woon.

Op 4 Maart vanjaar het hulle in die Britse stad Salisbury gaan stap, maar begin sleg gevoel en op 'n bankie langs die straat gaan sit, waar hulle hul bewussyn verloor en met skuim om die mond deur 'n dokter en verpleegster gevind. Paramedici het hulle hospitaal toe geneem en sedertdien lê hulle daar in 'n koma, met groot twyfel of hulle gaan oorleef.

Die dienste van die weermag se kenners oor chemiese oorlogvoering is ingeroep. Hulle vind spore van 'n nuwe soort chemiese wapen, bekend as nowitsjok, wat in die 1990's in Rusland ontwikkel is.

In 'n onderhoud met The Daily Telegraph sê een van die Russiese wetenskaplikes wat die stof ontwikkel het, Wil Marzajnof, dat daar geen behandeling vir die gifstof is nie. Wie ook al daardeur aangetas word, sterf uiteindelik 'n uiters pynlike dood.

Onmiddellik word die vinger na Poetin gewys, aangesien Poetin op 'n keer aan verslaggewers gesê het die grootste misdaad wat jy teen jou volk kan pleeg, is verraad.

Theresa May, Britse premier, het 'n ultimatum aan die Russiese regering gerig om binne 24 uur 'n bevredigende antwoord op die beskuldigings te gee, of anders sou "teenmaatreëls" volg.

Poetin self en sy minister van buitelandse sake, Sergei Lawrof, het die beskuldigings met minagting verwerp.



Die dag daarna kondig May haar teenmaatreëls aan: Alle kontak op hoë vlak met die Russiese regering is voorlopig opgeskort, 23 Russiese diplomate (wat volgens May eintlik spioene is) word die land uitgeskop, en die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies (VN) is byeengeroep om die krisis te bespreek.

Die Russe skop op hul beurt eenvoudig 'n klomp Britse diplomate uit, en verander nie hul gedrag nie.

Hierdie spanning tussen Brittanje en die Kremlin het hernieuwe vrese vir 'n Derde Wêreldoorlog laat ontstaan.

Maria Zakharova, 'n Russiese minister van buitelandse sake, het gesê Brittanje se planne om Rusland te sanksioneer, insluitende sy besluit om 23 Russiese diplomate uit die VK te verdryf, was buitengewoon gevaarlik. "Die Britse Eerste Minister se verklaring is 'n volkome kranksinnige beskuldiging teenoor die Russiese Federasie, ons hele land, ons hele volk," het sy gesê.

Sy het Theresa May ook gewaarsku om Vladimir Poetin se militêre mag in gedagte te hou.

Op 1 Maart het Poetin gespog met sy nuwe superso-niese missiel wat 20 keer teen die spoed van klank kan vlieg, en hy het sy Westerse mededingers aangesê om daarvan kennis te neem. Hierdie missiel is op pad na sy teiken, in staat om enige aanslag van ander misiele af te weer.

In gedeklassifiseerde word 38 Britse dorpe en stede genoem wat Rusland se eerste doelwitte sal wees.

En dit tesame met nog 70 teikens van militêre basisse, kommunikasie sentrums, vliegvelde en ander sleutelinfrastrukture.

Die dodetol in so 'n aanval sal na raming 7,7 miljoen Britte in die stede beloop, gebaseer op die grootte van kernwapens in Vladimir Poetin se arsenaal.

Intussen is Rusland en Brittanje se verhouding op 'n mespunt gebalanseer na aanleiding van die poging tot moord op die MI6-dubbelagent Sergei Skripal.

Die Daily Star Online het 'n scenario gegee van die verskriklike gevolge op dag een van die oorlog tussen Brittanje en Rusland.

Londen sal die swaarste getref word in 'n poging om die hart van die Verenigde Koninkryk uit te ruk, die stad sal binne 'n radius van 3.8 kilometer net eenvoudig en 950 000 mense dadelik sterf.

In 'n radius van 120 kilometer sal die ontploffing deur Groter-Londen gevoel word, geboue in duie stort en wydverspreide skade veroorsaak. Terwyl daar in 'n 320-kilometer radius mense so ver as Crystal Palace en Brent Cross, derdegraadse brandwonde sal opdoen.

Net in Londen sal sowat 2.3 miljoen mense beseer word — en dit is maar net een van die 38 stede en dorpe wat Rusland sal taak.

## SIENER: ENGELAND VREES 'N ATOOM-AANVAL

Net meer as 'n 100 jaar gelede het Siener aan oupa Krause gesê daar sal nog 'n dag kom dat Engeland 'n atoom-aanval van Rusland sal vrees.

Om hierdie rede sal die Engelse leiers dan in die geheim met die Russe knoei en nie net die Weste se militêre geheime aan Rusland oordra nie, maar ook geheime militêre

verdrae met Rusland teen die VSA sluit. Die Russe vertrou die Engelse egter glad nie en die VSA vind tog alles haarfyn uit, en besef die gevaar van 'n Engelse verraad vir hom.



Met die uitbreek van die Derde Wêreldoorlog storm Russiese troepe gedurende die nag deur Turkye op pad na die Suez-gebied. Intussen probeer Engeland in die geheim om militêre hulp by Japan te soek, maar slaag nie daarin nie.

In Sirië en in Palestina maak die Russe kontak met die Amerikaanse leër wat hom daar voorkeer.

Die kernbomme wat op Engeland neerreën veroorsaak ontslaglike aardskuddings wat sal veroorsaak dat Engeland onder die water sal verdwyn.

Dit sal interessant wees om te sien hoe hierdie scenario hom in die komende dae gaan afspeel...

## NGK DRAAI RUG FINAAL OP GOD

Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, het pres. Cyril Ramaphosa namens die kerk in 'n brief geluk gewens met sy verkiesing as president van Suid-Afrika. Hieronder is 'n uittreksel uit sy brief waarin hy Ramaphosa verheerlik en prys en die Allerhoogste blatant belaster:

*Geagte President Ramaphosa*

*Die Nederduits Gereformeerde Kerk wens u hiermee geluk met u verkiesing as president van die Republiek van Suid-Afrika. Ons is verheug deur u verkiesing as president. U goeie reputasie en reputasie as visionêre leier, strategies, sakeman en onderhandelaar maak groot bydraes tot ons vertroue dat u die vele uitdagings van ons land kan aanspreek.*

*Ons wil u graag gelukwens en u verseker van ons gebede vir goeie gesondheid en wysheid. Ons is bewus van die geweldige uitdagings en eise van u nuwe verantwoordelikheid, op 'n baie spesiale manier vir u familie en geliefdes ook. As 'n kerk verbind ons ons*

*om die lede van u familie, dr Tshepo, Tumelo, Andile, Mashudu en Kiki in ons gebede te hou.*

*Die kerk werk aktief deur middel van wesenlike en diverse projekte en pogings om die belofte van die post-apartheid Suid-Afrika te herstel. 'n Goeie voorbeeld is ons rol in die verskaffing van maatskaplike dienste aan meer as 'n miljoen Suid-Afrikans op 'n jaarlikse basis. Ons kliënte is hoofsaaklik uit benadeelde gemeenskappe (m.a.w. bruin en swart).*

*Ons het nou die verwagting van 'n nuwe leierskap wat met die waardes van integriteit en betroubaarheid in sy regering dit moontlik maak vir die kerk om te doen wat dit geroep is om te doen.*

*President Ramaphosa, u verkiesing is 'n kairos-oomblik in ons geskiedenis wat die toekoms van miljoene Suid-Afrikans sal definieer. Ons bied as kerk ons ondersteuning aan die regering om die dringende kwessies van ekonomiese hervorming, onderwys, grondhervorming, rassisme, gelykheid en die waarheid van alle mense aan te spreek.*

*Ons nooi u ook uit om met die leierskap van die kerk betrokke te raak in ons wedersydse pogings om 'n beter lewe vir almal te bevorder en om die morele vesel van ons land te herstel. Ons hoop ook dat u tyd sal kry om met die NG Kerk in hierdie verband te ontmoet.*

*Mag God u seën terwyl u voortgaan met al u verantwoordelikhede en pogings om die mense van ons land te dien. Mag u onder alle omstandighede die liefde, sorg, leiding en troos van die Here Almagtig ervaar deur sy teenwoordigheid in u lewe en die lewens van jou geliefdes.*

*Met groot respek.*

*Dr Gustav Claassen*

Hierdie lasterlike brief is die duidelikste bewys dat die NG Kerk nou nie net finaal sy rug op sy volk gedraai het nie, maar ook op die Almagtige en sy Woord.

Claasen loof en bring hulde aan 'n voorvadergeesaanbidder; 'n absolute heiden wat 'n sangoma (toordokter) aan huis het wie daaglik vir hom die dolosse moet raadpleeg; 'n man wat in die parlement was toe die Almagtige en sy Seun daaruit verban is en dit saam met sy broers en die wit meelopers goedgekeur het; hy is ook 'n uitlander wat nie oor ons as volk mág heers nie! (Deut. 17:15). 'n Man van wie die Skepper van hemel en aarde sê: "soek tot in ewigheid nie sy vrede en geluk nie, sodat julle kan sterk word en die goeie van die land geniet en dit aan julle kinders as besitting kan gee tot in ewigheid" (Esra 9:12). (En dis hierdie selfde man wat nou ons 'Godgegewe besitting' van ons wil roof!)

As Claasen sy Bybel geken het, sou hy ook geweet het Ramaphosa is juis daardie "uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees" wat glad nie in God se heiligdom mag kom nie! (Esegiël 44:9). En noudat hy ons boere se grond sonder vergoeding gaan konfiskeer, kom Claasen en kruip namens die NG Kerk voor hom in die stof en spreek hy sy seën oor hom uit: "Mag God u seën terwyl u voortgaan ... om die mense van ons land te dien (deur die boere se grond te steel!)." En: "Mag u onder alle omstandighede die liefde, sorg, leiding en troos van die Here Almagtig ervaar..."

Sonder twyfel is dit die grootste belasting van die Ewig-Lewende waarvan ons nog gehoor het. Dan sou ons ook graag by hom wou weet: na watter 'Here Almagtige' word hier verwys?

Dit kan nie Hy wees waarvan ons in die Bybel lees nie. Daardie Almagtige spreek ondubbelsinnig 'n verdoemende oordeel oor Claasen en sy gevolg uit omdat hulle die rug op Hom en sy volk gekeer het:

"...julle versterk die swakkes (onder my skape) nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid ... Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape (m.a.w. sy uitverkorenes) van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie."

Hierdie profesie is besig om voor ons oë uit te speel: "(Ek sal) maak dat hulle geen skape meer oppas nie..." Wat anders beteken dit as dat al wat Kerk is, spoedig gaan leegloop?

## SA SKULDLAS 'N NADERENDE TITANIC

Suid-Afrika moet met groot erns ter harte neem wat met die Griekse ekonomie gebeur het aangesien sy eie skuld las en teen-produktiewe groeiplanne die land soos 'n Titanic op 'n ysberg van ekonomiese ineenstorting afstuur.

Die nasionale skuld het vanaf 2014/2015 met sowat 31% sal toeneem van R1,8 duisend miljard tot R2,3 duisend miljard in 2017/18.

Indien die huidige situasie voortduur, sal Suid-Afrika teen 2026 net genoeg geld hê vir staatsalarisse en welsyn, aldus prof. Jannie Rossouw, voormalige adjunk-hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en nou hoof van Wits se Skool vir Ekonomiese en Sakewetenskappe.

Die fiskale ysberg is egter net een van talle wat Suid-Afrika se ekonomie kan laat sink. Ander kan dit be-

spoedig, en die grootste hiervan is die krag-ysberg wat reeds aan die boeg skuur.

Daar is ook dreigende watertekorte veral in die Wes-kaap wat spoedig 'n groter impak kan hê as kragte-korte, die ineenstorting van dienste, voedseltekorte weens verskeie redes, korrupsie en talle kleineres soos 'n tekort aan steenkool vir kragopwekking.

Die ANC is besig om die land se ekonomie sienderoë te vernietig. Na wie gaan Suid-Afrika die hand uits- teek om te red? Die ANC kan by voorbaat die Afrika- Unie uit hierdie berekening laat,

In 'n onlangse verklaring deur Goolam Ballim, hoof- konoom van Standard Bank, sê hy met verwysing na die nasionale begroting vir 2018/19 die onderste deel van die bevolking dra 4c by tot elke R1 van be- lasting, maar kry in ruil daarvoor 59c van die bested- ing.

Daarteenoor betaal die boonste 50% van die bevolk- ing 72c van elke R1 belasting, maar kry slegs 6c van die besteding. Voorts het hy gesê SA het nie meer ruimte

om verder geld op internasionale markte te leen nie.

Soos dit tans staan, bestee die land reeds elke 48 uur R1 miljard aan rente op skuld.

## WAAR IS DIE VREDE? ONS HET DAN VERGEWE!

In 2010 is Christo Mouton in sy huis in Drie Riviere, Vereeniging deur swart barbare koelbloedig ver- moor is. Sy sesjarige dogtertjie, Monay, het tien ure lank vingeralleen by haar pa se lyk gesit, hartver- skeurend gehuil en tevergeefs na horn geroep tot- dat die huiswerker die volgende oggend omstreeks

07:30 opgedaag en die polisie ontbied het.

Daarna het Monay sielkundige berading ontvang, maar sy kon nie ophou huil nie. "Ek kan haar nie eens na die huis terugneem nie; sy onthou als en raak hysteries," het mev. Mouton gesê.

En wat was die kerk se troosboodskap vir klein Mo- nay, haar ma, haar familie en die res van die volk? "Nou is dit tyd om hulle (die moordenaars) te vergewe, tyd om na hulle uit te reik, tyd om hulle lief te hê..."

Ja, ons hét uitgereik; ons het met hulle ge-Kodesa, selfs ons land vir hulle gegee; daarna ook al ons beste bates: Sanlam, Sasol, Volkskas, die ATKV, die FAK, die Raportryers, die Voortrekkers, en les bes natuurlik ook ons Kerk. Maar hulle wou nog meer hê — ons lewens.

Liewe hemel, FW, waar is jy? FW, ons het jou drin- gend nodig! Jy't mos self gesê jy is soos Moses, deur God geroep om hierdie nasie na die Reënboogland van dikmelk en goue stroop te lei.

Maar hoekom het jy ons so skielik verlaat?

Van daardie dag af toe jy jou hoed gevat en uit die Regering van Nasionale Eenheid gedros het, het ons jou nog nie weer met 'n oog gesien nie; en sedert- dien soek ons tevergeefs in 'n koerant na 'n troos- woord van jou vir klein Monaytjie en haar bedroefde ma, soek ons tevergeefs op 'n begrafnisfoto van 'n vermoorde volksgenoot na jou gesig met 'n traan in die oog.

Die dag toe jy wel weer jou verskyning gemaak het, was dit met 'n breë glimlag en net om klein Monay- tjie hierdie trooswoord te gee: "Moenie bekommerd wees nie, meisie — ek sal dit alles wéér doen!"

24 jaar lank al beloop jy en die kerk vergifnis, liefde en hande vat. Sondag na Sondag word dit by ge-



meentes landswyd ingehamer. Selfs oom Angus versamel honderdduisend om hom, en kondig met trots aan: “Ek, Angus Buchan (nie God nie), het Suid-Afrika vir Christus omgekeer!”

Maar as dit dan so is, waar is die vrede, die seën, FW? Hoekom sien ons niks daarvan nie? En hoe is dit moontlik dat al oom Angus se duisende bekeerlinge, al die dominees, al die pastore en priesters se preke, al die lofsange, al die hallelujas, al die Amens nog nie vir één enkele dag die vloek van die swaard van ons kon weghou nie?

Hoekom nie, FW?

Hoekom is daar geen antwoord op oom Angus en die kerk se gebede vir vrede en veiligheid nie? Hoekom gaan dit dag na dag net slegter en ellendiger met ons? Het die oom en die kerk dan nie gedoen wat reg is in hul eie oë deur die bese apartheid tot sonde te verklaar nie?

Maar waarom hoor hulle god nie?

Waarom swyg hy steeds?

Sê tog vir ons, FW!!

## KATIE HOPKINS EN CASTER SEMANYA SE HORMONE

Katie Hopkins wat ‘n tyd gelede Suid-Afrika besoek het om die plaasmoorde te ondersoek en in die buiteland daarvoor verslag te gaan doen het, het in die proses ook met Suid-Afrika se ‘wonder-atleet’ te doen gekry, en, net soos in die geval van die plaasmoorde, het sy ook nie doekies omgedraai nie:

“...Caster Semenya het aan die wêreld gewys wat dit is om ‘n ware vrouekampioen te wees. Al wat

dit vra, is vlakke van *testosteroon drie keer hoër as in normale vroue —die gevolg hiperandrogenisme, m.as.w. geen baarmoeder of eierstokke nie en inwendige testikels weens abnormale chromosome.*”

*Hopkins het ook verwys na Semenya se huwelik: “In Januarie het Semenya met haar vriendin getrou tydens ‘n tradisionele huwelikeremonie waarin sy opgetree het as die bruidegom. Maar snaaks genoeg, hier op die atletiekbaan identifiseer Semenya haar as ‘n vrou...”*

*Sedert sy wêreldroem ingeoes het as vroue-atleet, het haar geslag en uiterlike voorkoms ook heelwat aandag getrek.*

Na haar opspraakwekkende oorwinning in die 2009 Wêreldkampioenskappe was sy verplig om geslagentoetse te ondergaan en net daarna is sy verbied om weer aan internasionale byeenkomste deel te neem. Hierdie verbod is weer later opgehef.



In 2015 het Caster Semenya die “Ja-woord” gevra van sy/haar vriendin Violet Ledile Raseboya. Hulle is ‘getroud’ tydens ‘n tradisionele huwelikeremonie in hulle huis in Limpopo.



## INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

### BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

### INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

### ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

### BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: [verkope@vaandel.co.za](mailto:verkope@vaandel.co.za)

Navrae: [info@vaandel.co.za](mailto:info@vaandel.co.za)